# 6 ERITREA

## Bid vir Eritrea

- Bid dat gelowiges se geloof sal groei, dat hulle liefde sal toeneem en dat hulle geloof ondanks vervolging en onderdrukking standvastig sal wees.
- Bid dat Eritrese Christene en kerkleiers wysheid en geleenthede sal hê om in gesprek met hul regering te tree oor die onderwerp van godsdiensvryheid.
- Bid vir dié wat in ondraaglike toestande in die tronk ly weens hul geloof, en vir die Christenvroue en -kinders wie se mans en pa's in die tronk is. Bid dat die Here Sy genade aan hierdie families sal bewys en in hulle geestelike en fisiese behoeftes sal voorsien.

**"Dié mense was versot op wat ons hulle geleer en met hulle gedeel het. Sommige van hulle het ons selfs probeer beskerm. Ons het baie bekerings gesien. Die Evangelie kan nie vasgeketting word nie!"**
**-Musse***

WWL 2021

| Totale punte | Druk | Geweld |
|---|---|---|
| 88% | 91% | 66% |

**WIL JY MEER WEET?**

**Streek**
Afrika

**Bevolking**
5 432 000

**Christelike bevolking**
2 552 000 (47%)

**Meerderheidsgeloof**
Islam

**Bronne van vervolging**
Christelike denominasionele proteksionisme, Georganiseerde korrupsie en misdaad, Diktatoriese paranoia.